NUUSBRIEF 19 — 16 SEPTEMBER 2022

# GEDAGTE VIR DIE DAG

**"Jy kan nie teruggaan en die begin verander nie, maar jy kan begin waar jy is en die einde verander."**

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Van gister se onthou, tot vandag, het die lewe en vooruitsigte ongetwyfeld positief verander. Tydens die derde kwartaal kon ons weer voluit leef en langs velde waar kinders deelneem, weer oogkontak maak en ou vriendskappe hernu. Ons staan opnuut verbaas oor die geweldige vooruitgang wat *Midstream Ridge Laerskool* gemaak het. Al ons spanne het in ligas op beweeg en in sekere gevalle, soos swem, in die top liga geëindig. Die ouerbetrokkenheid is aangenaam hoog en die span van kind, ouer en skool, voel weer normaal. Ons opregte dank aan ons ouers en leerders wat skouer aan die wiel gesit het en die verstommende resultate behaal het. Die personeel moes hardloop om by te bly en die uitslae het groot vreugde aan almal verskaf. Na so 'n besige kwartaal waar ons nou afsluit wil ons baie dankie sê aan die *Midstream Ridge Laerskool*span vir volgehoue harde werk. Die resultate laat voorwaar 'n soet smaak in die mond. Gaan rus, as u so bevoorreg is, saam met u kinders. Welgedaan.

# RAKKER-BROKKIES

❖ **Sportdeelname**

By *Midstream Ridge Laerskool* glo ons aan massadeelname om elke leerder die geleentheid te gee om 'n nuwe sportvaardigheid aan te leer en te bemeester. Die verskeie sportkodes maak dus voorsiening vir genoeg spanne met afrigters. Die o/13B-Seunshokkiespan, wat die liga gewen het, is 'n bewys dat dié filosofie suksesvol is. Interessante statistiek: daar is in totaal 33 A-spanne, 25 B-spanne, 9 C-spanne en 4 D-spanne in *Midstream Ridge Laerskool* se 10 spansportkodes.

# RAKKER-STERRE

*Midstream Ridge Laerskool* se Dag/Aand-Krieketspanne presteer weereens baie hoër as hulle normale liga. Ons o/11- en o/13-Dag/Aandspanne het Vrydag, 9 September, teen *Laerskool Hennopspark* meegeding. Die o/13-span het ongelukkig met slegs 2 lopies kort geval, maar daar was individue wat uitgeblink het. André Pretorius (7A2), neem 7 paaltjies in 10 beurte en staan slegs 41 lopies af. Keegan Gibson (6E3), slaan 'n ongelooflike 85 lopies. Ons is geweldig trots op ons o/11-span wat *Laerskool Hennopspark* met 183 lopies oorwin. Jean Boshoff blink weer uit met die kolf en teken 88 lopies aan.

# RAKKER-STERRE

Ons is geweldig trots op ons o/13A-Dogters-hokkiespan wat tweede in die Tshwane 3 Meisies-Liga geëindig het. Baie geluk aan elke speler wat haar hart op die veld uitgespeel het.



Die skool kan nie meer trots wees op ons 0/13B-Seunshokkiespan nie! Hulle het die 0/13B-Tshwane 1-Liga gewen. Baie geluk. Julle verdien hierdie eer om ligawenners te wees. Jul ywerige oefening en toewyding, het doele afgewerp.



# RAKKER-STERRE





*Midstream Ridge Laerskool* het derde in die *SANESA Gauteng Streeks-finaal* geëindig! Baie geluk aan Zara Pappalardo en haar perd, Elle, die Gauteng Streeks-*Victrix Ludorum*.

# RAKKER-INFO

**ERFENISDAG – VRYDAG, 23 SEPTEMBER**
**TEMA: "SA IS LIEF VIR ONS, ONS IS LIEF VIR SA"**

*Midstream Ridge Laerskool* gaan vanjaar weer ons Suid-Afrikaanse erfenis saam vier. Elke graad sal 'n kleur toegeken word om te dra, wat die Suid-Afrikaanse vlag uitbeeld. Ons versoek ouers asseblief om 'n gewone T-hemp, sonder motiewe of prente, in hierdie genoemde kleur te kry, wat leerders saam met hul LO- kortbroek of LO-skort met tekkies moet dra. Kleurindeling per graad is as volg:

| | |
|---|---|
| Graad 1 | Geel T-hemp |
| Graad 2 | Wit T-hemp |
| Graad 3 | Wit T-hemp |
| Graad 4 | Swart T-hemp |
| Graad 5 | Rooi T-hemp |
| Graad 6 | Blou T-hemp |
| Graad 7 | Groen T-hemp |



Tydens die registerperiode, sal elke leerder se erfenis gevier word deur 'n voorwerp of kos-item te bring wat hul erfenis verteenwoordig wat hul aan die klas kan verduidelik of met hulle deel, indien hulle graag wil.

**HHCU FONDSINSAMELING**

Die *Highveld Horse Care Unit* is 'n nie-winsgewende organisasie, betrokke by perderedding, rehabilitasie ens., wat slegs van donasies afhanklik is. Die *HHCU* sal van 20 tot 22 September 2022, kaartjies by die skool verkoop. Volg asseblief die skakel vir meer inligting. **HHCU FONDSINSAMELING**

# RAKKER-INFO

**TRUTH KOSPAKKIES**

Ons herinner u graag aan die kospakkie-projek wat nog steeds maandeliks aan *KSM* se voedingskema geskenk word. Daar is nog 3 maande van dié jaar om 'n groot verskil te maak.

**GEBEDSMAMMAS**

Die groepie gebedsmammas van *Midstream Ridge Laerskool*, bid getrou elke week vir alle gebedsversoeke. Neem asseblief die vrymoedigheid om vir gebed te vra deur u versoek op die briefies te skryf wat in die klasse, sowel as in die biblioteek en by Vera beskikbaar is.

**SOMERSDRAG**

Leerders is welkom om, indien hul dit sou verkies, somersdrag te begin dra. Hulle kan dus, afhangende van die weer, afwissel tussen somers- en wintersdrag, mits dit ten volle, die een of die ander is. Op Dinsdag, 11 Oktober 2022, skakel ons amptelik oor na somersdrag.

**STUDIEMETODEKURSUS**

Klik asseblief op die skakel vir meer inligting. **STUDIEMETODEKURSUS**

**ATLETIEK PROGRAM KWARTAAL 4**

Klik asseblief op die skakel vir die oefenprogram vir atletiek in die 4de kwartaal. **ATLETIEK**

***EDANA* SELFOONTOEPASSING**

Ons beoog om, aan die begin van die vierde kwartaal, slegs van die skool se selfoontoepassing vir kommunikasie aan ouers, gebruik te maak. Ons versoek u dus vriendelik om so spoedig moontlik dié toepassing af te laai. Klik asseblief op die skakel vir die prosedure om dié toepassing op u selfoon af te laai. **EDANA**

**KLEREWINKEL VAKANSIE-URE**

| | |
|---|---|
| 23 September 2022 | 07:00 – 15:00 |
| 24 September tot 5 Oktober 2022 | Gesluit |
| 6 & 7 Oktober 2022 | 08:00 – 16:00 |
| 10 Oktober 2022 | 08:00 – 17:00 |
| Vanaf 11 Oktober 2022 | 07:00 – 17:00 |




Steek jou hande in die lug! *Lentefees 2022* is klaar en afgestof. Dit was die grootste en mees suksesvolle Lentefees nóg. Dankie aan die duisende wat gekom het om die *SpringFest* te ondersteun.
Aan ons borge... julle is ongelooflik. Ons sien uit na 'n nog groter en beter geleentheid in 2023.

# RAKKER-UITSLAE

### *A+ MATHS*

Baie geluk aan die volgende leerders met hul puik prestasie tydens die 16de A+ Nasionale Kompetisie wat op 3 September by *Midstream Ridge Laerskool* plaasgevind het en waar 257 leerders van regoor Suid-Afrika deelgeneem het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| MH Sahib | 7E3 | 5de Kyu | Silwer |
| Wihan Starke | 6A1 | 5de Kyu | Goud |
| Luhan van Wyk | 5A2 | 6de Kyu | Goud |
| Omolemo Mphake | 5E3 | 7de Kyu | Brons |
| Hanlu Wessels | 4A3 | 8ste Kyu | Kampioen |
| Li-Ané Starke | 3A1 | 8ste Kyu | Goud |
| Nicolaas Visser | 6A3 | 8ste Kyu | Kampioen |
| Wihanro van Wyk | 3A1 | 8ste Kyu | Goud |
| Kian Rozendaal | 3A1 | 9de Kyu | Goud |
| Simoné Clark | 4A1 | 9de Kyu | Silwer |
| Uthmaan Sahib | 3E1 | 9de Kyu | Goud |

### KRIEKET

Baie geluk en sterkte aan die volgende seuns wat na die derde rondte van die *Titans*-proewe, wat op Saterdag, 24 September plaasvind, deurdring:

| **Onder 12** | **Onder 13** |
|---|---|
| ✧ Erasmus Pretorius (6A3) | ✧ Cameron Hargroves (7E3) |
| ✧ Heinrich Becker (6A2) | ✧ Darius Swanepoel (7A3) |
| ✧ Keegan Gibson (6E3) | ✧ Eckhardt du Toit (7A2) |
| ✧ Takura Mupakati (6E3) | ✧ Tsebo Motjiyeng (7E3) |
| ✧ Wihan Starke (6A1) | |

Midstream Ridge-groete



**VERNON HARMSE**
**SKOOLHOOF**

SCAN ME